8 November 2006

Visekanseliersnuusbrief aan personeel en studente

Beste personeellede en studente

Die tweede semester van die jaar is gewoonlik die besigste – en 2006 is beslis geen uitsondering nie. Terwyl ons voortstoom na die laaste week van die jaar, is daar ‘n paar verwikkelinge wat ek graag met u wil deel. ‘n Afvaardiging van Senior Bestuur het die Verenigde Koninkryk gedurende Oktober 2006 besoek as deel van ons strategie om ons **internasionale aansien** te verhoog. Ons het baie goeie vordering gemaak met ons interaksie met die London South Bank University (LSBU). Noudat ‘n memorandum van verstandhouding onderteken is, is ons in die proses om breë areas van samewerking te identifiseer – soos die uitruil van akademiese en administratiewe personeel en studente, samewerking met navorsingsprojekte, samewerking met betrekking tot akademiese, administratiewe en kurrikulumsake; gesamentlike gebeurtenisse en konferensies, sowel as kulturele uitruilprogramme - met die doel om vroeg in 2007 ‘n omvattende samewerkingsooreenkoms te finaliseer. Verder het ons ook goeie interaksie gehad met Liverpool John Moore University, die Open University en verskeie belanghebbendes met betrekking tot moontlike ondersteuning vir die Mafikengkampus se Sokkerinstituut.

Ons is nou by die punt waar ‘n **Sokkerinstituut** by die Mafikengkampus vinnig besig is om ‘n werklikheid te word. Die NWU se bestuur is daartoe verbind om die Instituut uit te bou tot ‘n sentrum van uitnemendheid wat ‘n sigbare bydrae kan lewer tot die ontwikkeling van jong sokkerspelers – en sodoende tot sokker in Suid-Afrika. Die vooruitsigte lyk goed en ons is opgewonde oor die vestiging van nóg ‘n sentrum van uitnemendheid by een van ons kampusse.

Ek wil graag alle personeel en studente bedank wat deelgeneem het aan die opname om ons te help met die ontwikkeling van ‘n **handelsmerkvestiging-strategie** vir die Universiteit. Ons verwag dat die uitkoms van die navorsing ons na ‘n volgende vlak van posisionering van die NWU sal neem. Die Bestuur sal hieroor verslag doen tydens die raadsvergadering van 24 November.

Iets waarvan u moontlik reeds bewus is, is die opskorting van die erkenningsooreenkoms met die “**Staff Association** ” op die Mafikengkampus. Soos wat duidelik blyk uit die communiqué wat aan die personeel gesirkuleer is, was bestuur genoodsaak om ferm en beslis op te tree. Ons bly egter verbind tot, en beskikbaar vir, hernieude samesprekings met die personeelliggaam op die Mafikengkampus. Ek hoop dat die hele universiteitsgemeenskap waardevolle lesse uit hierdie proses sal leer.

Ek wil ook van die geleentheid gebruik maak om veral die nuut aangestelde **skooldirekteure en nagraadse direkteure** wat onlangs by die Mafikengkampus aangestel is, geluk te wens. U aanstelling het ‘n nuwe en opwindende fase van organisatoriese doeltreffendheid en gehalte ingelui. Alles van die beste met u belangrike werk!

Daarbenewens word ‘n aantal **senior kampusaanstellings** tans gefinaliseer – die uitkoms sal op ‘n latere stadium bekendgemaak word.

Vanuit ‘n institusionele oogpunt is die laaste belangrike gebeurtenis van die jaar die raadsvergadering van 24 & 25 November, in Potchefstroom. Die tweede dag van die raadsvergadering sal in die vorm wees van ‘n werkswinkel, waartydens die Raad sy eie prestasie deur die loop van die jaar sal evalueer, sigself sal heroriënteer t.o.v. die verskillende rolle van beheer en bestuur, en na maniere sal soek om raadsvergaderings meer effektief te maak en ‘n beter verhouding met Bestuur en die Senaat te bou. Ander belangrike sake op die Raad se agenda sluit in: die hersiene institusionele plan, die 2007-begroting en die taalbeleid.

Soos wat elke jaar die geval is, gaan ‘n aantal **personeellede** ons aan die einde van die jaar **verlaat** , en ‘n klompie nuwe aanstellings sal gemaak word vir 2007. Ek bedank graag alle personeellede wat die NWU getrou gedien het. Sterkte met u toekomstige loopbane en dankie vir u bydrae om van die NWU ‘n lewenskragtige en suksesvolle universiteit te maak. Dit is ook my voorreg om bekend te maak dat die paneel vir **bevorderings** (bestaande uit verteenwoordigers van al die kampusse) hul werk afgehandel het, en dat die volgende akademiese kollegas soos volg bevorder word:

Mafikengkampus

Senior Lektor

Dr E Mwenesongole (Fakulteit Opvoedkunde)

Dr FN Kwayisi (Fakulteit Opvoedkunde)

Lektor

Mnr M A Molefi (Fakulteit Handel en Administrasie)

Me C M Maseko (Fakulteit Handel en Administrasie)

Potchefstroomkampus

Professor

Prof AJ van Rooy (Fakulteit Lettere en Wysbegeerte)
Prof JC Jerling (Fakulteit Gesondheidswetenskappe)
Prof HS Kruger (Fakulteit Gesondheidswetenskappe)
Prof SS Celliers (Fakulteit Natuurwetenskappe)
Prof L Janse van Rensburg (Fakulteit Regte)

Medeprofessor

Dr LTB Jackson (Fakulteit Ekonomiese en Bestuurswetenskappe)
Dr WF Krugel (Fakulteit Ekonomiese en Bestuurswetenskappe)
Dr K Mostert (Fakulteit Ekonomiese en Bestuurswetenskappe)
Dr JL Kotze (Fakulteit Regte)
Dr AE Schutte (Fakulteit Gesondheidswetenskappe)
Dr CC Bezuidenhout (Fakulteit Natuurwetenskappe)
Dr HM Huisman (Fakulteit Natuurwetenskappe)

Buitengewone Medeprofessor in Toegepaste Linguistiek

Dr AS Coetzee-Van Rooy

Senior Lektor

Mnr M le Roux (Fakulteit Ingenieurswese)
Mnr P van der Gryp (Fakulteit Ingenieurswese)
Me AA du Plessis (Fakulteit Regte)
Dr MD Venter (Fakulteit Gesondheidswetenskappe)
Dr A Peens (Fakulteit Gesondheidswetenskappe)
Dr A Monyeki (Fakulteit Gesondheidswetenskappe)
Me E Bornman (Fakulteit Gesondheidswetenskappe)
Me R Phethlu (Fakulteit Gesondheidswetenskappe)
Mnr GK John (Fakulteit Gesondheidswetenskappe)
Dr HE de la Harpe (Fakulteit Lettere en Wysbegeerte)
Me EF Steyn (Fakulteit Lettere en Wysbegeerte)
Me M Boehme (Fakulteit Lettere en Wysbegeerte)

Lektor

Me SD Visser (Fakulteit Gesondheidswetenskappe)

Vaaldriehoekkampus

Professor

Prof PF Venter (Skool vir Ekonomiese Wetenskappe)

Medeprofessor

Dr PD Pretorius (Skool vir Modelleringswetenskappe)

Lektor

Me V Hlatswayo (Skool vir Tale)

In my volgende en finale nuusbrief van die jaar wat na afloop van die raadsvergadering sal verskyn, sal ek soos gebruiklik ‘n terugskou gee rakende die belangrikste prestasies van die afgelope jaar sowel as die doelwitte vir 2007. Intussen wens ek graag die studente sterkte toe met die laaste vraestelle, asook personeel (beide akademies en ondersteuningspersoneel) vir die bedrywige program wat voorlê.

Vriendelike groete

Theuns Eloff
Visekanselier